

Die Ruiter op die wit perd oordeel (OP18)

Openbaring 19:11-21

15 November 2020

Vandag bereik ons die einde van die sesde onderdeel van die boek Openbaring. Hierdie gedeelte het begin in Openbaring 17 waar ons geleer het van die sedelose vrou – sy is een van God se vyande. Ons het reeds gesien hoedat sy gaan val. Laasweek het ons in die eerste gedeelte van hoofstuk 19 gesien dat haar val tot gevolg sal hê dat daar lofprysings, halleluja's, in die hemel opklink tot God se eer. Soos wat ons al in die vorige onderdele van die boek Openbaring gesien het, bereik ons nou, aan die einde van hierdie onderdeel, weereens 'n beskrywing van die finale oordeel. In Op 19:11-21 leer ons van die val van nog drie van God se vyande: die dier uit die see, die dier uit die aarde en ook die mense wat die dier, en dus die draak, aanbid.

Ek wil hierdie gedeelte oordink onder die volgende twee punte: (1) Wie is die Een wat oordeel? (2) Wie word geoordeel, en wat is die gevolg van die oordeel? Daarna maak ons 'n paar toepassings.

Wie is die Een wat oordeel? (verse 11-16)

In vers 11 lees ons dat Johannes die hemel oop gesien het. Ons het al verskeie kere ge lees van iets wat oop is in die hemel. In Op 4:1 net voor Johannes daardie heerlike hemelse troonvisioen sien, het hy 'n oop deur in die hemel gesien. In beide Op 11:19 (blaas van die sewende trompet) en Op 15:5 (uitgiet van die sewe bakke) het Johannes gesien dat God se tempel in die hemel oop is. En nou lees ons dat die hemel oop is. En in hierdie oop hemel sien hy die Ruiter op die wit perd (vs 11), en saam met Hom die leërs van die hemel, ook op wit perde (vs 14). Wie is dus die Een wat oordeel? Dit is hierdie Ruiter op die wit perd, en saam met Hom die hemelse leërs. En wie is die Ruiter op die Wit Perd? Natuurlik Jesus. Wit is natuurlik 'n simbool vir reinheid. Hier ry Jesus op 'n wit perd, in Op 14:4 het ons ge lees van die Seun van die Mens wat op 'n wit wolk sit, en in Op 20:11 sal ons nog lees van die wit troon.

In verse 11-16 leer ons heelwat van die Ruiter op die wit perd. Ek wil dit bespreek na aanleiding van die vier name waarmee Hy beskryf word:

- Getroue en Betroubare (vers 11): Jesus word beskryf as die Een wat getrou en betroubaar is. Die OAV vertaal dit met Getrou en Waaragtig. Jesus is getrou – dink aan Joh 17:4 en 6 waar ons lees dat Jesus Sy Vader verheerlik, deurdat Hy juis die werk gedoen het wat die Vader Hom gegee het om te doen. Hy het God se Naam bekend gemaak aan die mense wat die Vader Hom gegee het. Die Vader kan Jesus vertrou om te doen wat die Vader van Hom verwag. Hy is dus getrou. In Hand 17:30-31 lees ons dat God ook 'n dag bepaal het waarop Hy gaan oordeel – en Hy gaan dit juis doen deur die Man wat Hy uitgekies het en uit die dood laat opstaan het – duidelik gaan God oordeel deur Jesus, en siende dat Jesus getrou is en doen wat die Vader wil, lees ons nou dat Hy op die wit perd kom om te oordeel. Maar Jesus is ook die Waaragtige. In Joh 14:6 sê Jesus: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe”. Jesus is waar, Hy is eg, Hy is suiwer – daar is geen ongeregtheid in Hom nie. Daarom, as Hy kom om te oordeel, kan jy seker wees dat Sy oordele regverdig gaan wees – soos wat vers 1 onderstreep, en soos wat ons ook laasweek in Op 19:2 gesien het as deel van die eerste halleluja.
- Die Woord van God (vers 13): Volgens vers 13 het Jesus ook die Naam “die Woord van God”. Dit is natuurlik in ooreenstemming met gedeeltes soos Joh 1:1 “In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was God”. Vers 15 vertel ons nog meer: Uit sy mond

het daar 'n skerp swaard gekom. Ons weet ook dat Heb 4:12-13 die Woord beskryf as 'n tweesnydende swaard. Daar lees ons dat die Woord so kragtig is dat dit siel en gees, of gewigte en murg kan skei – en wat beteken dit? Dit beteken dit kan die bedoelings en gedagtes van die hart beoordeel. Ons lees dat alles oop en bloot voor God lê – en dat ons aan Hom rekenskap moet gee. Nie net is Jesus die Woord nie, maar boonop kom daar uit Sy mond 'n swaard, die Woord, wat selfs die bedoelings van die hart kan oordeel – en, leer Heb 4, Hy gaan rekenskap daarvoor vra. Ons lees ook in Op 19:12 dat Jesus oë het wat soos vuur vlam – ons het dit natuurlik al vantevore gesien in Op 1:14 toe ons gelees het van die Seun van die Mens wat tussen die gemeentes rondbeweeg. Kyk nou wat staan in Op 2:23 in die brief aan die gemeente in Tiatira: Jesus sê Hy is die Een wat die gedagtes en begeertes van die mens deurgrond. Hier word van Jesus gesê wat Heb 4 van die Woord sê, en natuurlik weet ons Jesus is die Woord. Maar let op wat Op 2:23 mee afsluit: Ek sal elkeen van julle straf volgens sy doen en late. Duidelik gaan Jesus dae en die bedoelings agter daardie dae oordeel. Wat is die maatstaf wat Hy gaan gebruik? Juis Sy Woord. Kyk hoe stel Op 19:15 dit – Hy gaan hulle juis met die swaard uit Sy mond tref, en ook Op 19:21 – Hy gaan die mense doodmaak met die swaard wat uit Sy mond kom, d.i. die Woord. Eintlik kan ons dit nog verder terugvat na Jes 4:11b, waar ons lees dat God die goddelose met die asem van sy lippe (OAV) sal doodmaak.

Wat is die punt? Jesus gaan kom om te oordeel. Wanneer Hy kom om te oordeel, gaan Hy dae en die bedoelings van die hart agter die dae oordeel. En as maatstaf gaan Hy die Woord gebruik. Onthou nou, Jesus is getrou – dus sal Hy dit so doen. Onthou, Jesus is waar – dus sal Hy dit regverdig doen. Onthou ook Jesus is die Woord. Hy ken die Woord. Hy het juis die Woord aan ons bekend kom maak – en daarom is ons gewaarsku. Die Ware Getuie, die Betroubare Getuie het God se Woord aan ons bekend gemaak, Hy het ook die Heilige Gees, die Gees van die Waarheid gestuur, om ons te herinner aan Sy Woord. As Jesus dus die Woord gebruik om daarvolgens te oordeel, is dit absoluut regverdig!

Onthou ook: Hy gaan dae oordeel. Verstaan jy nou hoekom daardie wit klere so belangrik is. Dis hoe jy God se oordeel ontkom – deur regverdige dae, waaraan jy moet werk en waarin die Heilige Gees jou help.

- Die Koning van die konings en die Here van die heersers (vers 16): Op Jesus se klere en op Sy heupe is daar nog 'n Naam: Die Koning van die konings en die Here van die Heersers. Dit word bevestig deur die feit dat ons in vers 12 lees dat daar op Jesus se kop baie heerserskrone is. Natuurlik staan dit in kontras met die draak waarvan ons in Op 12:3 lees dat hy sewe heerserskrone op sy koppe het, en die dier uit die see wat volgens Op 13:1 10 heerserskrone dra. Duidelik is hierdie Ruiters op die wit perd meer gesagvol as enigeen van hulle – trouens ons weet dat aan Hom al die gesag en heerskappy gegee was met Sy troonsbestyging. Op 19:11 het ons ook geleer dat Hy oorlog voer – dit is tog iets wat juis konings doen. Maar konings voer oorlog deurdat hulle heerskappy het oor hulle leërs – wel dit is ook waar van die Ruiters op die wit perd: volgens vers 14 ry die leërs van die hemel agter Hom aan. Ons sal netnou in bietjie meer detail by hierdie hemelse leër stilstaan, maar dit moet 'n indrukwekkende gesig wees: Die Ruiters op die wit perd is sigbaar daar in die oop hemel – en Hy word gevolg deur 'n hemelse leër wat ook op wit perde ry, terwyl hulleself fyn, helder wit klere dra!

Ons het ook al vantevore gesien dat Hy werklik die Koning van die konings is. Met die val van die sedelose vrou het ons gesien dat die tien konings van die sewende kopkoninkryk saam

met die dier uit die see teen die sedelose vrou draai, en dit gee aanleiding tot haar val. Maar volgens Op 17:17 was dit juis God wat hulle dit laat doen het – heelwaarskynlik deur die Ruiter op die wit perd. Hy beheer die ganse wêreldgeskiedenis. Volgens Op 19:15 regeer Hy die nasies met 'n ystersepter. Dit is 'n verwysing na Ps 2:9 waar ons lees dat Hy die nasies met Sy ystersepter stukkend gaan slaan soos wat 'n kleipot stukkend geslaan word.

'n Verdere aanduiding van Sy heerskappy en gesag is dat Hy nie net oordeel nie, maar Hy is ook die Een wat God se straf na die oordeel uitvoer. Volgens vers 15 is Hy die Een wat die parskuip van God se oordeel en toorn trap. Ons het in Op 14:14-20 ook gelees van hierdie parskuip wat getrap word – daar was dit nie heeltemal so duidelik wie hierdie parskuip trap nie – maar hier is dit duidelik dat dit Jesus is, die Ruiter op die wit perd. Volgens Op 19:13 was Sy klere deurweek met bloed. Lees nou Jes 63:1-3. Hier lees ons van God se oordeel oor Sy volk se vyande, en dat Hy hulle trap in die parskuip. Dit is juis hulle bloed wat Sy klere rooi maak. Maar lees ook vers 4: wat is God se doel met die oordeel? Enersyds om Sy vyande te straf, en andersyds om Sy volk te verlos. Dit is ook die doel met die finale oordeel. Dit is enersyds straf op God se vyande, en andersyds verlossing van Sy kinders wat deur die vyande vervolgt is.

- Naam wat net Hy ken (vers 12): Tot dusver het ons geleer van verskeie Name van die Ruiter op die wit perd. Maar vers 12 maak dit duidelik Hy het nog 'n Naam, 'n Naam wat niemand ken nie, net Hy alleen. Ons het al in Op 3:12 gelees dat Jesus ook 'n nuwe Naam het, wat Hy ook op elkeen wat die oorwinning behaal, sal skrywe. Is hierdie onbekende Naam dalk daardie Naam? Wel, ons weet nie. Ons moet verstaan nie alles oor Jesus is geopenbaar nie. Lyk my veral as dit by die oordeel kom, is daar sekere aspekte van Jesus wat nog onbekend is. Natuurlik gaan die ongelowiges, wat Hom misken het tydens hulle lewens, dan baie van Hom leer. Maar, lyk my dit is selfs waar van gelowiges wat God se Woord besit. Onthou, toe ons na die klein boekie gekyk het, het ons geleer dat nie alles geopenbaar is nie. Laat ons dus nederig bly. Jesus is meer as wat aan ons geopenbaar is.

Kan ek enkele opmerkings maak oor die leërs van die hemel wat agter die Ruiter op die wit perd aanry. Wie is hulle? Enersyds is hulle waarskynlik engele. Daar is verskeie gedeeltes in die Bybel wat onderstreep dat Jesus saam met Sy engele gaan kom om te oordeel – kyk maar na Mat 13:40-42, 16:27 en 2 Tes 1:7. Andersyds is dit ook 'n verwysing na die gelowiges. Volgens Op 17:14 is dit juis die gelowiges wat saam met die Lam oorlog voer en die oorwinning behaal. Verder is dit die gelowiges wat wit klere dra in Openbaring (met die moontlike uitsondering van Op 15:6 waar die sewe engele blink klere dra). Maar nou: Wat is die rol van die gelowiges tydens die oordeel oor die ongelowiges as hulle agter die Ruiter op die wit perd aanry? Grotendeels om getuie te lewer teen God se vyande. Hulle het immers juis die verleiding en vervolging van hierdie vyande belewe. Kyk na Mat 12:41-42 waar ons lees dat die mense van Nineve en die koningin van die Suide met die oordeelsdag getuie gaan lewer teen die onbekeerde mense. Rom 2:27 leer dat 'n onbesnedene wat die wet onderhou, sal getuig teen die besnedenes wat nie die wet onderhou nie – let weereens op die belangrikheid van gehoorsaamheid aan die wet.

Wie word geoordeel, en wat is die gevolg van die oordeel? (vs 17-21)

Volgens vers 19 kom die dier (uit die see) en die konings van die aarde bymekaar vir die oorlog. Dit is natuurlik die oorlog waarvan ons gelees het in Op 16:14 op die groot dag van God by Armageddon (uitgiet van die sesde bak), en ook die oorlog waarvan ons gelees het in Op 11:7 waar die twee getuies doodgemaak is. Vers 20 maak dit baie duidelik wie geoordeel word: dit is die dier uit die see en die dier uit die aarde. Onthou, die dier uit die see is die Antichris – dit is die mense wat

gesagstrukture misbruik om die draak te aanbid, en die dier uit die aarde is die vals profeet, dit is die mense wat godsdienstige verdraaiings gebruik sodat die dier en die draak aanbid word. Hulle word lewend in die vuurpoel wat met swael brand gegooi. Maar die oordeel gaan nog verder: Vers 21 maak dit duidelik dat die “ander mense” ook doodgemaak is, d.w.s. die mense wat agter die diere en die draak aangeloop het. Volgens Op 20:15 is hulle ook in die vuurpoel gegooi. Dieselfde lot tref dus die diere en die mense. Onthou ons het vantevore gesê dat daar van vyf vyande van God in Openbaring gepraat word: die draak (duiwel), die dier uit die see, die dier uit die aarde, die sedelose vrou en die mense wat agter hulle aanloop. Tot dusver het vier van die vyf alreeds geval – die enigste een wat nog oorbly is die draak, die duiwel self. Ons sal meer van sy ondergang leer in die sewende onderdeel van die boek.

Vers 17-18 vertel hoe die roofvoëls opgeroep word om te kom eet van die groot feesmaal wat God voorberei het – dit is hulle moet kom eet van die vleis van die konings, die opperbevelhebbers af tot by die slawe en die heel geringstes, d.w.s van al die mense wat nou deur God se oordeel getref is. Vers 21b bevestig hulle het dit gedoen. Sien jy, daar is twee komende feesmale: Of jy is geseënd en is uitgenooi na die bruilofsmaal van die Lam (Op 19:9), of jy word die feesmaal by hierdie feesmaal wat God voorberei het vir die roofvoëls. Hierdie beskrywing is ‘n verwysing na Eseg 39:17-20 waar ons lees van die val van Gog en Magog. Die belangrike punt is om vers 22 in Eseg 39 raak te sien. Daar word die doel met hierdie gebeure beskryf: Israel moet besef dat Ek die Here hulle God is! Eseg 39:7 beskryf dit in nog meer detail: Israel sal God se Heilige Naam leer ken soveel so dat hulle nie Sy Naam meer oneer sal aandoen nie (d.w.s. hulle sal wit klere dra), en boonop die ander nasies (d.w.s. die ongelowiges) sal weet (besef) dat God die Here is, die Heilige van Israel. Onthou, dit is ook waarby ons laasweek gekom het in terme van God se verborge bedoeling: Almal moet besef wie God is – selfs die ongelowiges. Maar die gelowiges sal God verheerlik vir ewig in hulle onberispelikeid. Daarteenoor, sal die ongelowiges besef hulle straf is regverdig, omdat hulle God nie erken het as die Heilige nie.

Toepassings:

- Die tweede gebod leer dat ons nie enige afbeeldings van God mag maak nie. Dit beteken onder andere dat ons ons sal inspan om ‘n verantwoordelike beeld van God te vorm wat in lyn is met Sy openbaring aan ons, alhoewel ons weet ons kan God nooit werklik bevat nie, omdat Hy te groot is, en omdat nie alles van Hom geopenbaar is nie. Dus moet ons ook ‘n gebalanseerde beeld van Christus hê. Nou, dikwels lê ons baie klem daarop dat Jesus die Lam is wat geslag is. Ons dink aan Hom as ‘n babatjie in die krip. Ons dink aan Hom as die Een wat wonderwerke doen en mense help in hulle nood. Ons dink aan Hom as die Een wat oënskynlik hulpeloos aan die kruis hang. Ons dink aan Hom as die Een wat Homself offer om geregtigheid vir Sy kinders te bewerk. Ons dink daarna dat Hy gesê het: Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien.

Maar gee ons genoeg aandag aan die volgende aspekte as ons oor Jesus dink: Hy is ook die Leeu uit die stam van Juda. Hy is die Koning van die konings en die Here van die heersers. Hy het alle gesag in die hemel en op die aarde. Hy is in beheer van die hemelse leër. Hy voer oorlog. Hy gebruik juis Sy Woord om te oordeel. Hy het oë wat soos vuur vlam wat selfs die bedoelings van die hart akkuraat beoordeel. Sy oordeel is regverdig en reg. Hy trap die parskuip van God se toorn soveel so dat Sy klere met bloed deurweek is. Hy laat die sedelose vrou val. Hy gooi die dier uit die see en die dier uit die aarde in die vuurpoel. Hy berei ‘n feesmaal voor vir die roofvoëls om die vleis van die konings, opperbevelhebbers, magtiges, perde en ruiters, allerhande mense, vryes en slawe, klein en groot, te kom eet.

En Hy doen dit alles in ooreenstemming met Sy Hemelse Vader wie se wil Hy doen. So sal God Sy heilige Naam laat ken onder die gelowiges sodat hulle Sy Naam nooit weer oneer sal aandoen nie, en sodat die ongelowiges sal besef dat Hy die Here is, die Heilige God.

- Jesus ywer ernstig vir God se eer. Enersyds betaal Hy met Sy lewe sodat daar geregtigheid is vir Sy kinders. Andersyds oordeel Hy oor al die bese magte wat in opstand is teen God, insluitende die mense wat hierdie magte volg. Hy gaan kom om te oordeel – en dan gaan volgens Sy Woord oordeel. Nou: Hy het ons as gelowiges aangestel om Sy getuies te wees – onderling teenoor mekaar, maar ook teenoor die wêreld. Hy het ook vir ons Sy Woord gegee – dit is die maatstaf wat Hy gaan gebruik om mee te oordeel. Ons het gesien dat die gelowiges saam met Hom uittrek om te oordeel, deurdat hulle getuies moet gee teen die ongelowiges. Kan ek jou vra: Is jy gereed om dit te doen? Waarsku jy mense gereed teen die komende oordeel? Waarsku jy mense dat die Ruiters op die wit perd juis hulle dade gaan beoordeel? Het jy al ooit standpunt ingeneem in die wêreld of selfs onder gelowiges as jy sien dinge voldoen nie aan die eise van God se Woord nie? Of laat jy dit maar net aan iemand anders oor om tereg te wys? Of, selfs nog erger, laat jy dit maar net? Het jy al ooit belewe waarvan Jesus in Luk 12:51-52 praat: “Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring? Nee, sê ek vir julle, eerder verdeeldheid, want van nou af sal daar vyf mense in een huis onderling verdeeld wees, drie teen twee en twee teen drie.” Of dink aan Eseg 3:18: “Wanneer Ek vir ‘n goddelose sê hy gaan sterwe, en jy waarsku hom nie, jy praat nie en jy waarsku nie die goddelose teen sy optrede om hom so in die lewe te hou nie, dan sal hy deur sy sonde sterwe, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood.” Jy sien, gelowiges kan nie maar apaties deur die lewe gaan nie. Ons moet standpunt inneem. En ons gaan beslis nie altyd gewild wees onder mense nie. Dit is deel van ons lyding vir Christus solank as wat ons nog in hierdie bedeling leef.